



## **Die geheim van uitstekende geestesgesondheid**

David DeRose, MD, MPH, en  
Bernell Baldwin, PhD, Neurowetenskaplike

In 1944 is Edith Eger, op die ouderdom van 16, deur die Nazi's van haar huis in Hongarye geneem en na die berugte Auschwitz-doodkamp gestuur. Alhoewel sy die gaskamers - waarin albei haar ouers gesterf het - gespaar is, het die brandmaer Edith geleidelik weggeteer terwyl sy van een kamp na n ander oorgeplaas is. In Mei 1945 was sy so swak dat sy haar bewussyn verloor het. Die wagte het gedink sy was dood en gooi haar toe in n massagraaf in die bos agter die Gunskirchen Lager-kamp. In Amerikaanse soldaat het egter wonderbaarlik gesien hoe Edith se hand tussen die lyke beweeg. Hy het die destydse 27 kg meisie van h gewisse dood gered.<sup>1</sup>

As iemand rede gehad het om te voel haar omgewing beheer haar, was dit Edith Eger. Ten spyte van haar skrikwekkende ervarings, het sy nie voor bitterheid, haat of wanhoop geswig nie. Sy het nie net oorleef nie, sy het flooreer. Sy het met h Tsjeggiese vryheidsvegter getrou, drie kinders grootgemaak en h PhD in sielkunde verwerf. As u ooit Dr Edith ont-moet of haar hoor praat het, sou uhaar waarskynlik onder die positiefste, ophoffendste individue plaas wat u ooit teëgekom het. Hier is haar boodskap: "In teenstelling met die algemene opvatting, is daar geen slagoffers in hierdie wêreld nie - slegs gewillige deelnemers. Omstandighede kan nie altyd beheer word nie, maar jy kan altyd kies hoe om daarop te reageer."<sup>2</sup>

### **Sielkunde se nuwe klem**

Dr Edith Eger se lewe dra by tot h toenemende oortuiging onder geestesgesondheidswerkers - almal het die vermoë om h optimistiese ingesteldheid aan te kweek, selfs te midde van terugslae en probleme.<sup>3</sup> Terwyl baie van ons werlik glo dat ons emosies deur ons omstandighede bepaal word, dui bewyse die teenoorgestelde aan. U kan u emosies beheer - ten spyte van u omgewing!

Ons emosies word egter deur meer faktore as net ons gedagtes geaffekteer. Ons emosionele toestand word in die besonder deur ons daagliks leefstylekeuses beïnvloed. Kom ons kyk na n paar faktore wat ons kan help om in beheer te bly van hierdie belangrike aspek van ons geestesgesondheid.

### **Dieetprakteke**

Dierestudies toon dat ongesonde dieetprakteke die brein se emosionele stroombane benadeel - tydens ontwikkeling sowel as in volwassenheid. Voorbeeldelike sluit voedingstekorte, oormatige soutinnname en hoë-vet diëte in.<sup>4</sup> Die kern van die saak is dit - kies h dieet met lae-natrium-, voedingsdigte heelplantkosse (vrugte, volgrane, groente, neute en sade) wat diereprodukte en bygevoegde vet beperk of uitskakel.

### **Vermy verslawende dwelms**

Alkohol vererger woede-uitbarstings, toorn en geweld. Beheerselle in die bokant van die brein raak bedwelmd. Gevolglik is die stroombane vir geweld in die onderste deel van die brein onbelemmerd, soos miljoene mishandelde familielede kan getuig. Die langtermyn-effek van alkohol is nog erger. Die beheerselle word vernietig deur selfs twee gram alkohol daagliks terwyl die veel meer veerkrachtige laer breinselle baie beter vaar. Die resultaat is 'n permanente wanbalans in die brein wat die laer emosie-sentrums bevoordeel.

Ander verdowingsmiddels kan ook breinbeheermeganismes benadeel. Selfs dagga kan onder sekere omstandighede permanente wanbalans in die brein veroorsaak.

### **Oefening**

Enige program vir die optimalisering van emosionele gesondheid moet gereelde fisiese oefeninge insluit. Fisiese oefeninge behoort deel van u daaglike roetine uit te maak. Navorsing verbind fisiese oefeninge met h afname in stresvlakte en verbeterde emosionele gesondheid (insluitend minder depressie en angs).<sup>5</sup> Studies toon ook hoedat fisiese oefeninge die vlak van oksitosen - n kragtige emosionele, gesondheidsbevorderende hormoon - merkwaardig kan verhoog.

### **Kies u musiek versigtig**

Musiek het h kragtige impak op die brein - gedeelte bekend as die limbiese stelsel, wat die emosies beheer. Afhangende van die tipe musiek, kan positiewe of negatiewe emosies gestimuleer word. Direkte metings van limbiese strukture toon dat musiek soos harmonieuze klavierkomposisies aangename emosies kan skep terwyl dissonante musiek negatiewe emosies kan veroorsaak.<sup>6</sup> Ons moet dus versigtig wees in ons musiekkeuse. Kies slegs musiek wat help om emosionele beheer en balans te bevorder.

### **Televisié en emosionele onstabilititeit**

Ons emosies kan deur ons keuse van kykstof (TV, Internet, ens) en musiek ongebalanceerd raak. Een beginsel van menslike gedrag is dit - ons word soos dit waarna ons kyk. Inderdaad, ons gedagtes word deur ons gereelde kykstof gevorm. Daarom, as ons in optimale emosionele gesondheid belangstel, moet ons ernstige selfbeheersing toepas in ons keuse van kykstof. As u selfbeheersing swak is, dink daarvan om vir h paar weke (of langer) geen TV, Internet, DVD's en ander visuele media te kyk nie. Al lyk dit onmoontlik, het die hele wêreld deur die eue sonder hierdie media oorleef - en gefloreer.

### **Gehaltetyd met die gesin**

Tyd wat deur elektroniese media in beslag geneem word kan die gesinsband verswak. Dit is h rede tot kommer, aangesien sterk familiebande kragtige voorspellers van verbeterde emosionele gesondheid is.<sup>7</sup> Ons moet voorkeur gee aan genotvolle, interaktiewe bedrywigheid met ons gesinne. Gaan uit en doen prettige, interessante en bevredigende dinge saam.

### **Vertroue en emosionele gesondheid**

Wanneer ons vertrouensverhoudings met een of meer individue bou, kan elektriese en chemiese "vertroue-seine" van die hoér breinsentrums, veral die frontale lob, die vreesstelsel wat deur ons laer breinsentrums loop, afskakel en selfs afsluit. Hierdie vertroue versterk die beheer van angs en stres.<sup>8</sup> Die hormoon oksitosien is een van daardie chemiese vertrouensboudskappers.<sup>9</sup> Verhoogde oksitosienvlakte verbeter ook h magdom van interpersoonlike dimensies, wat almal ons emosionele toestand onderskraag.

Gevolglik is een strategie om emosionele gesondheid te bevorder, die ontwikkeling van meer vertrouensverhoudings. "Horizontale vertroue" in ander is baie voordeelig; "vertikale vertroue" in h liefdevolle God is veral kragtig.

### **Leer om op God te vertrou**

Mense reageer instinktief op eerlikheid en betrouwbaarheid in h ander persoon, veral wanneer hulle ware belangstelling in hul welsyn aanvoel. Dit gebeur wanneer mense saam tyd spandeer en dinge deurmaak. Net so ontwikkel ons vertroue in God deur Sy beloftes in die Bybel te toets en Sy getroue leiding in ons lewens te ervaar. Die Psalmdigter besing die belangrikheid van h proef-ondervindelike ervaring met God: "Smaak en sien dat die Here goed is; welgeluksalig is die man wat by Hom skuif!"(Psalm 34:9). God self nooi ons uit: "Kom na My toe... leer van my... en julle sal rus vind vir jou siele" (Matthéüs 11:28-29).<sup>10</sup>

Waarom sit u nie h bietjie tyd elke dag opsy om die Bybel te lees nie? Dalk kan u met die evangelie van Markus begin. U mag verbaas wees om h God te ontdek wat baie meer betrouwbaar is as baie mense - selfs diegene wat daarop aanspraak maak om Hom te volg. Saam met daardie ontdekking kom u moontlik tot die besef dat u emosies beter onder beheer is.



**Meer oor hierdie onderwerp**

Kyk na: [www.hopetv.org/glow](http://www.hopetv.org/glow)

Kyk Hope-Kanaal op u TV  
HopeChannel  
0860-467-388

**Vir gratis Bybelstudies en leesstof, kontak:**

E-pos: [info.glowsa@gmail.com](mailto:info.glowsa@gmail.com)

Tel: (011) 616-6800

GLOW, Posbus 75700, Garden View 2047, RSA

**africa.glowonline.org**